# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (21/13)

*Justin Chadwick (24 Mei 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Each generation imagines itself to be more intelligent than the one that went before, and wiser than the one that comes after it" George Orwell***

## VERBINTENIS TOT NAKOMING

Laas week het DAFF die dokumentasie wat die "Risk Management System (RMS)" beskryf aan die plantgesondheidsowerhede regdeur die Europese Unie (EU) voorsien. Die dokument beskryf die intense maatreëls wat ingestel is om te verseker dat CBS-vrye vrugte aan die EU voorsien word. Produsente is daartoe verbind om die risiko te verminder, en het drastiese besluite geneem, met die Sondagsrivier wat 'n miljoen kartonne suurlemoene onttrek het wat vir die EU bestem was. Dit het tot 'n tekort in die EU se markte gelei en het hoër pryse vir die verbruikers tot gevolg gehad.

Alle produsente wat na die EU wil uitvoer moet hul produksie-eenhede en boorde registreer. Die registrasie kan onttrek word sou inspeksies wys dat die risiko te hoog is – vandaar die vrywillige besluit om van die mark te onttrek. Daar is reeds 'n aantal produksie-eenhede wat hul registrasie onttrek het, terwyl vele meer op die "alert list" verskyn wat onder die wakende oog van DAFF is.

DAFF het boord-inspeksies vir alle EU geregistreerde boorde ingestel, uitgebreide inspeksies in die pakhuis wat inspeksies tydens inname, op die paklyn en in die karton insluit, terwyl bykomende hawe inspeksies ook ingestel is. Hierdie inspeksies het kostes by die vrugte wat na EU uitgevoer gevoeg, asook ingewikkelde administrasie. Dit plaas ook groot druk op DAFF se hulpbronne.

Bykomende druk is ook op die hawe se infrastruktuur geplaas weens die vereiste om vrugte so gou as moontlik ná verpakking onder verkoeling te kry. Dit kan die ontwikkeling van CBS onderdruk, versuim om vrugte in tyd onder verkoeling te kry, het addisionele hawe inspeksies tot gevolg.

Die sleutel tot CBS is 'n goeie spuitprogram en ideale klimaatstoestande tydens toediening. Tydens registrasie moet produsente bevestig dat 'n geskikte spuitprogram gevolg is en tydens boord-inspeksies bevestig DAFF of die spuitprogram wel gevolg is.

Hierdie aksies het beteken dat tot op datum daar nog geen CBS-onderskeppings van die EU gerapporteer is nie.

Die volledige RMS dokument is op aanvraag beskikbaar.

## CRI WERKSWINKELS

Baie produsente vind dit moeilik om die twee jaarlikse CRI Navorsing-simposium by te woon. Om dit vir die produsente makliker te maak om die relevante inligting te bekom, het die Voorligtingspan van CRI 'n reeks produksie-werkswinkels wat by plekke binne die produksie areas aangebied gaan word (dit word op dieselfde wyse as die hoogs suksesvolle Pakhuis werkswinkels aangebied). Die eerste werkswinkel is volgende week in Limpopo (met meer as 40 wat alreeds vir bywoning geregistreer het); en dit is nog nie te laat om te registreer nie!! Hierdie werkswinkels sal bemesting, besproeiing, vrug-manipulering, die Sitrusverbeteringskema, kultivars en die bepaling van navorsingsprioriteite insluit.. Kontak asseblief vir Hennie Le Roux (hlr@cri.co.za 0824471537) of Hannes Bester (HannesBester@cri.co.za 0833258379) sou jy meer inligting verlang. Die agenda en registrasievorms is op www.cga.co.za beskikbaar.

| Datum | Werkswinkel | Plek |
|---|---|---|
| Dins 28- Woens 29 Mei | Limpopo | Eiland, Letsitele |
| Donr 30-Vry 31 Mei | Mpumalanga | CRI, Nelspruit |
| Don 6- Vryi 7 Junie | Oos-Kaap | Africanos, Addo |
| Dins 11- Woens 12 Junie | Wes-Kaap | Bydidam, Citrusdal |

## GEPAK EN VERSKEEP

Die pakkery van **pomelo's** gaan teen 'n vinnige tempo voort, maar daar word verwag dat dit binne 'n paar weke gaan begin afneem. Die Pomelo Fokusgroep het op 22/5 vergader en het hul laaste voorspelling effens opwaarts aangepas. Met 91% van die **satsumas** wat nou al gepak is, het die fokus nou na clementines verskuif. Die **Sagte Sitrus** FG het op 23/5 vergader en die voorspelling onveranderd gelaat. Die goeie eerste pluk van **suurlemoene** is duidelik wanneer dit met vorige jare vergeleyk word; maar die later vrugte lyk nie so goed nie. **Nawels** begin nou om oor te neem soos die suurlemoene afneem. In die markte het **Rusland** goeie volumes van Suid-Afrikaanse vrugte ontvang – aanduidings is dat markte nou goed voorsien is. Produsente , FPEF-lede en CMF-lede word daaraan herinner dat die CGA-verteenwoordiger in Moskou weekliks 'n 1-bladsy verslag oor marktoestade in Rusland uitstuur, kontak asseblief justchad@iafrica.com as jy deel van die verspreidingslys wil wees.

| Tot Week 21 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 5.1 m | 5.4 m | 6.7 m | 3.7 m | 4 m | 15 m | 15.2 m | 13 m |
| Sagte sitrus | 3.1 m | 2.8 m | 2.8 m | 2.3 m | 2.2 m | 8.2 m | 8.1 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 3 m | 2.9 m | 4.2 m | 2.2 m | 3.1 m | 11.1 m | 10.1 m | 10.5 m |
| Nawels | 2.7 m | 2.5 m | 2.2 m | 1 m | 0.7 m | 24.9 m | 24.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | - | - | - | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| | 14 m | 13.7 m | 15.9 m | 9.2 m | 10m | 106.8 m | 106 m | 103 m |
| | | | | | | | | |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**